basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2025

## VRYSTAAT

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer oor die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Drama | (40) |
   | AFDELING B: | Kortverhale | (40) |

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama *(Perdekrag)* wat jy bestudeer het.

   **OF**

   AFDELING B: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   **OF**

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.


| **AFDELING A: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs die EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Perdekrag* | 20 | 4 |
| | | |
| **OF** | | |
| **AFDELING B: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord AL TWEE kortverhale.** | | |
| 2. "Die ooreenkoms" | 20 | 9 |
| | | |
| **EN** | | |
| | | |
| "Rooikoos Willemse is soek" | 20 | 11 |
| | | |
| **OF** | | |
| | | |
| 3. "Tant Nelie se veerpluime" | 20 | 14 |
| | | |
| **EN** | | |
| | | |
| "Leuens" | 20 | 16 |

**AFDELING A: DRAMA**

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

**VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

| | |
|---|---|
| WILMA: | Dè, vat nou. Ons het nie heeldag tyd nie. |
| LUCKY: | *(Lucky beduie met groot gebare hoe hy weier.)* No way, José.<br>*(Wilma hou die hooivurk steeds na hom uit.)* |
| WILMA: | Is jy nou klaar?<br>*(Lucky kyk rond asof hy vasgekeer is.)*<br>Ek sê, kom hier. Dè. Vat. |
| LUCKY: | Niemand het gesê ek gaan shit rondstoot nie! |
| WILMA: | Wat het jy dan gedink kom jy hier doen? |
| LUCKY: | Ek doen nie shit nie. No bleddie way! Lucky Mhlope vat nie crap van niemand nie.<br>*(Wilma staan rustig terwyl Lucky 'n vloermoer gooi. Binki konsentreer met moeite op die saal. Wilma haal 'n selfoon uit haar sak en skakel rustig.)* |
| WILMA: | *(Praat op die foon).* Hallo. Dis Wilma Botes van Silwerkloof Stalle. Ja, dis oor Lucky. |

1.1 "Ons het nie heeldag tyd nie." (Reël 1)

1.1.1 Op watter dag van die week moes Lucky by Silwerkloof Stalle werk? (1)

1.1.2 Waarom moes Lucky by hierdie plek werk? (1)

1.1.3 Met wie praat Wilma op die foon? (1)

1.1.4 Wat het Lucky gedoen nadat Wilma op die foon gepraat het? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die letter (A–D) neer.

"Lucky Mhlope vat nie crap van niemand nie." (Reël 9 en 10)

Dit beteken dat ...

A Wilma nie die waarheid praat nie.
B sy ma vir hom goeie maniere geleer het.
C hy hom nie sal laat voorsê deur ander mense nie.
D Lucky gewoonlik doen wat ander vir hom vra om te doen. (1)

1.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Binki het vir Lucky boontjies gebring om te eet. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.4.1 en 1.4.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie drama is dat perde mense kan help om (1.4.1) (positief te verander/hard te werk). Een van die lesse wat Lucky geleer het, is om nie mense te (1.4.2) (oordeel/help) voordat jy hulle regtig ken nie. (2)

1.5 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | " ... dis glad nie so warm nie." | A | Lucky het met Binki gespot. |
| 1.5.2 | "Moet ek aangaan, of kry jy die prentjie in jou klipkop?" | B | Binki was hartseer oor haar ma. |
| 1.5.3 | "Bangbroek-bybie!" | C | Lucky het jammer gevoel vir homself. |
| 1.5.4 | "Ek is nie ryk en wit nie." | D | Binki het haar littekens weggesteek, want sy was skaam daaroor. |
| | | E | Wilma was ongeduldig met Lucky wat gedink het net spoilt brats ry op haar perde. |

(4 x 1) (4)

1.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Binki het vir Lucky vertel van hulle huis wat gebrand het.
- Wilma het vir Lucky vertel hoe die perde ander kinders help.
- Lucky het "Sabrina" na "Ma" op Binki se foon verander.
- Lucky is op die perdeplaas afgelaai. (4)

1.7 Waarom is dit verkeerd van Lucky om die hele tyd met Wilma terug te praat? (1)

1.8 Waarom is dit goed dat Lucky geskrik het toe hy hoor Wilma praat op die foon? (1)

1.9 Waarom het jy respek vir Wilma wat rustig bly terwyl Lucky so te kere gaan? (1)

1.10 "Niemand het gesê ek gaan shit rondstoot nie!" (Reël 7)

Waarom laat die skrywer vir Lucky sulke kru taal *(foul language)* gebruik? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Hei, jy's seker dors. Hier's water. Nuwe water, net vir jou. *(Kaizer laat sy neus in die emmer sak en Lucky vroetel lomp tussen sy ore terwyl hy drink. Wilma links op, gevolg deur Lady Jane wat haar sonder 'n leiband volg. Wilma is verstom as Lucky by Kaizer se stal uitkom en die onderdeur toemaak.)* |
| WILMA: | *(Agterdogtig.)* Was jy daar binne by Kaizer? |
| LUCKY: | Ek het vir hom water gevat. |
| WILMA: | Jy't wat gedoen? |
| LUCKY: | Ek sê, ek het gaan kyk of hy dors is. |
| WILMA: | *(Geamuseerd.)* En jy vat toe vir hom water. Soos wanneer 'n mens vir iemand koeldrank gee? |
| LUCKY: | Nou hoe de hel moet ek weet of 'n perd dors is of nie? *(Hy gryp die vurk en begin woes hark. Wilma kyk verbaas na hom.)* |
| WILMA: | Kan jy nou meer. *(Binki kom links op met 'n saal en toom wat sy die stoorkamer indra.)* Weet jy wat, Binki? Lucky het vir 'n perd water aangedra. |

1.11 Noem TWEE dinge wat Kaizer gedoen het om te wys dat hy kwaad was vir Lucky. (2)

1.12 Waarom het Lucky nie van ryk mense gehou nie? (1)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.13) en die antwoord neer.

"**Soos wanneer** 'n mens vir iemand koeldrank gee?" (Reël 10 en 11)

Hierdie is 'n voorbeeld van (sarkasme/'n vergelyking). (1)

1.14 VOLTOOI die volgende sinne deur elke keer EEN woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (1.14.1 tot 1.14.4) en die antwoord neer.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| goed; | ma; | maag; | verkeerd; | laptop; | arm; | pa; | selfoon |

1.14.1 Lucky kon Wilma nie op haar naam noem nie, want sy ... het hom nie so geleer nie. (1)

1.14.2 Wilma het vir Lucky vertel dat sy ook 'n tipe *community service* doen omdat sy iets ... gedoen het. (1)

1.14.3 Lucky het sy ander naam op Binki se ... ingetik. (1)

1.14.4 Lucky het die littekens op Binki se ... gesien nadat hy haar mou afgeskeur het. (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.15) en die letter (A–D) neer.

Die toneelaanwysing *"Agterdogtig"* in reël 6 beteken dat Wilma ...

A kwaad was vir Lucky.
B agter op die verhoog besig was.
C nie kon glo dat Lucky in Kaizer se stal was nie.
D bang was dat Kaizer weggehardloop het uit sy stal. (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.16.1 en 1.16.2) en die antwoord neer.

Aan die begin van die drama was Binki (1.16.1) (gelukkig/ongelukkig) omdat Sabrina haar net by Wilma gaan los het. Aan die einde van die drama het sy (1.16.2) (vir haar ma gevra om haar te kom haal/haarself en haar situasie aanvaar). (2)

1.17 Binki is klaar met skool.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.18 Die perde het hulle krag gebruik om mense te help.

In KOLOM A word 'n karakter beskryf. Kies uit KOLOM B watter rol die perde in die karakters se lewens gespeel het. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.4) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Binki wou nooit naby die perde kom nie. | A | Die perde het hierdie karakter die kans gegee om vry te kan beweeg. |
| 1.18.2 | Wilma het skuldig gevoel oor haar perd. | B | Die perde het hierdie karakter gehelp nadat hy in 'n ongeluk was. |
| 1.18.3 | Lucky het skuldig gevoel oor die katjies. | C | Die perde het hierdie karakter kans gegee om ander kinders te help. |
| 1.18.4 | Ansie het 'n rolstoel gebruik om oor die weg te kom. | D | Die perde het hierdie karakter gehelp om homself te vergewe *(forgive)*. |
| | | E | Die perde het hierdie karakter gehelp om nie meer bang te wees vir hulle nie. |

(4 x 1) (4)

1.19 Voordat Lucky Silwerkloof Stalle toe gekom het, het hy 'n baie verkeerde ding gedoen.

Waarom was dit sleg vir Lucky se ma? (1)

1.20 Toe Lucky op die plaas gekom het, was hy lelik teenoor die perde.

1.20.1 Hoe sou jy anders teenoor die perde opgetree het as jy Lucky was? (1)

1.20.2 Waarom sê jy so? (1)

1.21 In die slot van die drama reageer die perde positief teenoor Lucky en Binki.

Gee 'n voorbeeld van wat die perde gedoen het. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KORTVERHALE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae.

**VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee
EN
VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries

**VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

Was daar nie nou iets by Willem se kas nie? Koue rillings slaan soos branders oor hom, die een is nog nie mooi verby nie, dan kom die volgende een al weer. Hy kan sweer daar was iets by Willem se kas ...

"Liewe Here, vergewe my my sondes en sterk my teen die kwade. Sterk my in hierdie nag en bewaar my onder u vlerke ..."

Hoe voel dit dan nou ál daar sit iemand op die voetenent ... So wragtig, hy maak nie sy oë oop nie.

"Willem, ek sal dit nie kan staan nie. Wyk, Willem, wyk!"

Die daglig bring verligting, maar nie gerustheid nie. Hy kan immers uit die kamer vlug, al is dit dan na ou Sarah toe. Willem sal nie lol solank daar ander mense by is nie. Naby ou Sarah glad nie. Ná die middag gaan lê hy ook nie soos gewoonlik nie, ...

2.1 "Liewe Here, vergewe my my sondes en sterk my teen die kwade." (Reël 4)

2.1.1 Wie is besig om hier te bid? (1)

2.1.2 In watter ouetehuis is sy kamer? (1)

2.1.3 Waarom was Willem nie ook in die kamer nie? (1)

2.1.4 Wat het die Maandag gebeur nádat hy so gebid het? (1)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.2) en die letter (A–D) neer.

"Koue rillings slaan soos branders oor hom, ... " (Reël 1 en 2)

Dit beteken dat hy ...

A baie siek was.
B baie bang was.
C baie koud gekry het.
D in die see gaan swem het. (1)

2.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

In sy jonger dae was Jakob 'n <u>busbestuurder</u>. (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.4.1 en 2.4.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is dat ouer mense ook goeie (2.4.1) (kollegas/vriende) kan word. Een van die lesse wat 'n mens uit die verhaal kan leer, is dat die ooreenkomste wat 'n mens maak, (2.4.2) (nagekom moet word/nie regtig saak maak nie). (2)

2.5 Jakob se woorde sê vir ons hoe Jakob voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.5.1 tot 2.5.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.5.1 | " ... sal 'n man moet keer of jou hoed is af." | A | Jakob wou seker wees wat gebeur wanneer jy sterf. |
| 2.5.2 | "Dan weet die een wat agterbly." | B | Jakob het nie meer gevoel dis nodig om jou lewe reg te leef nie. |
| 2.5.3 | "Los dit, Willem!" | C | Jakob was eensaam. |
| 2.5.4 | "Vergewe my, dis al wat ek kan vra." | D | Jakob was baie bang vir spoke. |
| | | E | Jakob het nie van lawwe ou vrouens gehou nie. |

(4 x 1) (4)

2.6 Waarom was dit reg dat matrone iemand anders by Jakob in die kamer wou sit? (1)

2.7 Jakob het die ander mense in die ouetehuis vermy *(avoid).*

Waarom was dit nie goed vir hom nie? (1)

2.8 Hoe sou jy gevoel het as jy in Jakob se skoene was terwyl jy op 'n teken van Willem gewag het? (1)

2.9 "Wyk, Willem, wyk!" (Reël 8)

Waarom laat die skrywer Jakob hierdie woorde sê? (1)

2.10 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Jakob het gesukkel om die bottel oop te kry.
- Jakob se ergste vrees het verdwyn.
- Presies om halfses het die bottel se prop oopgedraai.
- Jakob het aanvaar dat die dood die einde is. (4)

**EN**

**VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

En dit word stil.

Ou boetie, en die man stel die bal. En g'n mens haal asem nie. En die vroumense laat hul breiwerk op hul skoot sak.

En toe maak Rooikoos Willemse die fout.

Hy staan daar langs die kantlyn op sy kierie en leun – hy't ammelie 'n kierie by hom gedra. En toe die losskakeltjie so nader kom om te skop, toe skreeu hy met daardie bulkstem van hom, hy skreeu: "Drôp, jou ditsemsedatsemse, drôp sê ek vir jou!"

En raai, dis nes of die mannetjie – ek sien hom nog so voor my – dis nes of sy bene so waggel onder hom soos iemand wat 'n lamte kry, en hy skop die bal doer in die arnosterbossies in, maar nie hoër as 'n wingerdstoel van die grond af nie!

Toe blaas die eindfluitjie.

2.11 VOLTOOI die volgende sinne deur elke keer EEN woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (2.11.1 tot 2.11.4) en die antwoord neer.

pawiljoen; drink; hoteleienaar; slegmaak; eet;
kantien; skeidsregter; verander

2.11.1 Rooikoos het daardie Saterdag in die hoek van die ... gesit. (1)

2.11.2 Hy het vroeg al begin ... (1)

2.11.3 Toe Rooikoos en die Barrydalers wou baklei, het die ... hulle gekeer. (1)

2.11.4 Die Barrydalers het geloop, want hulle wou nie hulle naam ... nie. (1)

2.12 Rooikoos het op sy eie plaas gewoon.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.13 Waarom was dit wat Rooikoos gedoen het 'n "fout"? (Reël 4) (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.14) en die antwoord neer.

" ... **so waggel** onder hom **soos iemand wat 'n lamte kry**, ..." (Reël 9)

Hierdie is 'n voorbeeld van (sarkasme/'n vergelyking). (1)

2.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.15) en die letter (A–D) neer.

Die verteller sê die skop was "nie hoër as 'n wingerdstoel van die grond af nie!" (Reël 10)

Dit beteken dat die skop ...

A skeef was.
B die bal reguit tussen die pale laat trek het.
C te laag was om die bal tussen die pale deur te stuur.
D die bal tussen die mense laat beland het. (1)

2.16 Die dinge wat mense doen, het gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.16.1 tot 2.16.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.16.1 | Die onderwysers was deel van Rooikoos se dorp se rugbyspan. | A | Die Barrydalers het die kans gekry om Rooikoos weg te vat. |
| 2.16.2 | Rooikoos se dorp se span het nie verloor nie. | B | Rooikoos het met homself gepraat. |
| 2.16.3 | Rooikoos het so baie gedrink dat hy van die stoel afgeval het. | C | Rooikoos se dorpspan het nie goeie rugby gespeel nie. |
| 2.16.4 | Rooikoos het in 'n onbekende kamer wakker geword. | D | Rooikoos het die hotel op sy dorp gebel om te hoor of hy daar is. |
| | | E | Almal het gedink Rooikoos is die beste. |

(4 x 1) (4)

2.17 Noem TWEE dinge wat die Barrydalers gedoen het om Rooikoos terug te kry. (2)

2.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.18.1 en 2.18.2) en die antwoord neer.

Aan die begin van die verhaal was Rooikoos (2.18.1) (rustig/bakleierig) en het hy ander mense kwaad gemaak. Aan die einde van die verhaal het Rooikoos gehuil, want hy (2.18.2) (kon nie sy klere kry nie/het nie geweet wie hy is nie). (2)

2.19 Rooikoos het baie gedrink.

Waarom was dit sleg vir hom? (1)

2.20 Waarom kan ons sê dat die les wat Rooikoos geleer het, sy lewe beter kon maak? (1)

2.21 Die Barrydalers het Rooikoos gestraf *(punished him).*

2.21.1 Wat sou jy anders gedoen het as jy 'n Barrydaler was? (1)

2.21.2 Waarom sê jy so? (1)
**[40]**

**OF**

**VRAAG 3: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové
EN
VERHAAL B: "LEUENS" – CM van den Heever

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

"... want voor daardie dag trou ek nie met jou nie."

Vader, sy kon dit nie bedoel het nie. Die veerpluime, tant Nelie Maré se kisresep! Ek het op 'n bankie neergesak: "Jy bedoel dit nie, Kit."

"Ja," sê sy, en haar wange gloei rooi. "Bring vir my die resep en oor 'n maand kan die eerste gebod loop. Ek sal vir Nelie Maré wys. 'n Wahl is net so goed soos sy. Verbeel jou, 'n Maré-resep!"

Ek het later probeer paai, maar net so onversetlik soos sy daar by die prystafel was, so onbeweeglik was sy nog die volgende dag, en die volgende week. Elke keer was dit maar weer die Wahl- en Maré-storie – tot ek op 'n middag na tant Nelie toe gery het. Ek het geen doekies omgedraai nie: ...

3.1 "Jy bedoel dit nie, Kit." (Reël 3)

3.1.1 Wie praat hier met Kit? (1)

3.1.2 By watter plek is hulle? (1)

3.1.3 Waarom was Kit so kwaad? (1)

3.1.4 Met wie het hy gaan praat nadat tant Nelie nie die resep vir hom wou gee nie? (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.2) en die letter (A–D) neer.

"... tant Nelie Maré se kisresep!" (Reël 2)

Dit beteken dat die resep ...

A netjies geskryf was.
B baie moeilik was om te volg.
C spesiaal was en weggebêre is.
D deur die kerk se mense gebruik is. (1)

3.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Tant Nelie het haar resep in 'n kis in haar <u>eetkamer</u> gebêre. (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.4.1 en 3.4.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is dat party mense ander mense sal (3.4.1) (manipuleer/stereotipeer) om te kry wat hulle wil hê. Een van die lesse wat Kit geleer het, is dat jy (3.4.2) (alles kan verloor/die prys sal wen) as jy só optree. (2)

3.5 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (3.5.1 tot 3.5.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.5.1 | "Bring vir my die resep en oor 'n maand kan die eerste gebod loop." | A | Ursa was so lief vir Peet dat sy enigiets sou doen om hom gelukkig te maak. |
| 3.5.2 | " ..., ek wil daardie veerpluim-resep koop" | B | Kit was hartseer omdat haar terte nie gewen het nie. |
| 3.5.3 | " ... 'n man wat hom hot en haar laat rondstuur deur 'n vroumens ..." | C | Peet was so verlief op Kit dat hy alles sou probeer om haar gelukkig te maak. |
| 3.5.4 | "Ons sal hom eenvoudig moet vat." | D | Kit was desperaat *(desperate)* om te kry wat sy wou hê. |
| | | E | Tant Nelie was teleurgesteld in Peet. |

(4 x 1) (4)

3.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Peet het tant Nelie se resep vir Kit gegee.
- Peet het besef dat hy eintlik vir Ursa lief is.
- Tant Nelie het die Susters se byeenkoms bygewoon.
- Tant Nelie het ingekom terwyl Peet en Ursa in haar goed gekrap het. (4)

3.7 Waarom was dit reg van tant Nelie om haar veerpluim-resep nie met ander te deel nie? (1)

3.8 Waarom was dit verkeerd van Ursa om Peet te help om tant Nelie se resep te steel? (1)

3.9 "Bring vir my die resep en oor 'n maand kan die eerste gebod loop." (Reël 4 en 5)

Hoe sou jy gevoel het as jy Peet was en Kit dit vir jou gesê het? (1)

3.10 "..., maar net so onversetlik soos sy daar by die prystafel was, so onbeweeglik was sy nog die volgende dag, en die volgende week." (Reël 7 en 8)

Waarom gebruik die skrywer woorde soos "onversetlik" en "onbeweeglik"? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "LEUENS" – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

... Maar onvriendelik glans die meubels haar weer teen, koud en hard, sy sien die weelderige klere van haar vriendin en sy swyg, verbouereerd en asof oorweldig.

"Ja, dit is darem wonderlik hoe die tyd omgaan," gesels Olga opgewek. "Onthou jy nog hoe ek jou altyd met jou dwepery gespot het?" Naomi slaan haar mooi ooglede skugter neer en knik saggies haar hoof. "Jy was mos altyd die outjie vir die ideale!" en Olga lag haar mooi wit tande bloot. "Maar wat ek eintlik wou vra: Het julle kinders?"

" 'n Seuntjie," kom die antwoord, asof met eerbied uitgespreek.

"Ons het twee dogtertjies. Wag, voor ons tee drink, wil ek jou tog eers hul speelkamertjie wys." Die twee staan op, gaan na bo, en toe Olga die speelkamer se deur oopmaak, jubel twee dogtertjies se bly stemmetjies op. Met hul gladgekamde haartjies en helder ogies kom staan hulle langs hul ma skamerig na Naomi en kyk.

3.11 VOLTOOI die volgende sinne deur elke keer EEN woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (3.11.1 tot 3.11.4) en die antwoord neer.

reënjas; Westcliff; Vrydag; Vrededorp; snobs;
rok; Woensdag; skinderbekke

3.11.1 Naomi was in die stad om vir haar 'n nuwe ... te koop. (1)

3.11.2 Olga het vir Naomi genooi om op 'n ... by haar te gaan tee drink. (1)

3.11.3 Naomi se man was ontevrede en het gesê dat hulle 'n klomp ... is. (1)

3.11.4 Naomi het vir Olga gesê dat sy in ... woon. (1)

3.12 Waarom het Naomi vir Olga leuens vertel? (1)

3.13 Gee TWEE redes waarom Naomi in slegte omstandighede gewoon het. (2)

3.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.14) en die antwoord neer.

" ... **onvriendelik** glans die meubels haar weer teen, ..." (Reël 1)

Dit is 'n voorbeeld van ('n metafoor/personifikasie). (1)

3.15 Naomi se man het sy werk as spesialis verloor.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

3.16 Die dinge wat mense doen, het gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (3.16.1 tot 3.16.4) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 3.16.1 | Naomi en Olga was saam op skool. | A | Olga het besef dat Naomi vir haar gejok het. |
| 3.16.2 | Naomi en haar man was arm. | B | Naomi was papnat toe sy by haar huis in Vrededorp gekom het. |
| 3.16.3 | Naomi het vir Olga gevra om haar voor dr. Henley se huis af te laai. | C | Naomi het self haar hare met 'n ou yster gekrul. |
| 3.16.4 | Naomi het nie 'n jas saamgeneem toe sy gaan kuier het nie. | D | Olga het alles gehad wat geld kon koop. |
| | | E | Olga het Naomi genooi om by haar te kom kuier. |

(4 x 1) (4)

3.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.17) en die letter (A–D) neer.

" ' 'n Seuntjie,' kom die antwoord, asof met eerbied uitgespreek." (Reël 7)

Dit beteken dat Naomi ...

A geweet het haar seuntjie het nie baie speelgoed nie.
B skaam was vir haar seuntjie.
C geweet het haar seuntjie was die een goeie ding in haar lewe.
D hartseer was oor haar seuntjie. (1)

3.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.18.1 en 3.18.2) en die antwoord neer.

Aan die begin van hierdie verhaal was Naomi (3.18.1) (tevrede/ongelukkig) dat sy net na die mooi klere in die winkelvensters kon kyk. Aan die einde van die verhaal het Naomi besluit om (3.18.2) (in 'n beter omgewing te gaan bly/die beste van haar omstandighede te maak). (2)

3.19 Waarom is Naomi reg as sy dink dat sy en Olga nooit weer regtig vriende sal wees nie? (1)

3.20 Waarom kan ons sê dat Naomi se man aan die einde van die verhaal verkeerd teenoor haar opgetree het? (1)

3.21 Naomi se kuier by Olga het nie goed gegaan nie.

3.21.1 Wat sou jy in hierdie situasie anders as Naomi gedoen het? (1)

3.21.2 Waarom sê jy so? (1)

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou